

Op soek na my Siel

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B377 Eng/Afr.

Skriflesing uit Markus 8:27-38

Kernvers: 36-37- 'Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en skade lei aan sy siel? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?'

Geliefdes die Here het hierdie boodskap diep in my hart geplaas – mag ek genade vind om dit aan u oor te dra soos wat Hy dit tot my diepste wese gespreek het. Miskien klink die titel van die boodskap vir u vreemd maar vandag wil ek vanuit my gees met u gees praat.

Hoe sal 'n mens jou siel weer vind as jy dit eers verloor het? Daar is 'n diep hartseer in my hart wanneer ek so na die wêreld kyk. Ons lewe hier, ons werk en stry hier en ons ly hier in die wêreld. Maar êrens het ons ons siel verloor...

Daar is duistere magte wat dit van ons afgeneem het, afgeëis het, sodat ons nie meer onself is nie.

Ek wonder my oor die mens – ons is in werklikheid 'n gees wat 'n siel het en in 'n liggaam woon. Heb. 4:12 sê: ' Want die Woord van God is kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart'.

Die gees van die mens is 'n wonderlike gawe, 'n teer organisme en dit is oor daardie siel wat die stryd gaan tussen God en Satan. Daar is 'n geveg om jou siel en die vyand wil dit in die hande kry – daar word middele en invloede en versoekings aangewend om sy doel met die mens te bereik.

Maar wanneer die Here jou siel gered het, jou gees gered het, en van jou 'n nuwe mens gemaak het – 'n nuwe wese! Dan is die stryd steeds nie verby nie want dan het dit juis begin. Dit is om jou siel in besit te kry – hier waar jou emosies lê, jou intellek, jou wil, jou geheue en indrukke.

Die oorspronklike taal van die Bybel beeld die siel uit as: jou gemoed. Dis jou gemoed wat vernuwe moet word.

In Handeling 2:31 vertel dit van Jesus wat afgegaan het na die doderyk maar Hy was daar nie verlate nie. Op die berg van verheerliking het Elia en Moses verskyn en alhoewel hulle herken kon word was hul fisiese liggame nog in die graf.